# OPSOMMING

Hierdie proefskrif handel oor skade vir voortdurende verlies, soos dié wat intree weens persoonlike besering of die dood van 'n broodwinner. Die benadering is metodologies multidissiplinêr eerder as multinasionaal. Die proefskrif bevat vier hoof afdelings: Algemene Teorie; Tegniese Aangeleenthede, Tegniek en Reg ten opsigte van eise vir persoonlike besering; Tegniek en Reg ten opsigte van eise vir verlies aan onderhoud. Die proefskrif is nie bedoel as 'n volledige uiteensetting van alle relevante regsbronne nie.

Die aanvanklike ondersoek fokus op die utiliteitsteorie en die verwante begrip van waarde. In mees algemene vorm is utiliteit beskrywend van 'n kern lewensdrang. Toepassing van hierdie begrip op skadeberekening noodsaak die objektivering daarvan. Geld en risiko is albei onderworpe aan utiliteitsoorwegings. Tegnieke vir die meting of beraming van persoonlike utiliteit kan ontwikkel geword. Die statistiese begrip verwagting (`expectation'), beskryf die utiliteit van onsekere, gewoonlik toekomstige, gebeurtenisse. In gepaste omstandighede verteenwoordig markwaarde 'n objektiewe riglyn vir die bepaling van utiliteit. Objektivering bevorder geregtelike koste-effektiwiteit. Konkretisering of verpersoonliking, dws aandag aan persoonlike besonderhede, verseker dat beide eiser en verweerder volledige geleentheid tot bewyslewering by verhoor verkry. Geregtigheid verg die versoening van hierdie teenstrydige doelstellings.

Volkome restitusie is in weinige situasies moontlik. Oor die algemeen verteenwoordig die skadevergoeding wat deur 'n hof toegestaan word, 'n billike ekwivalent vir dit wat verloor is. Waar utiliteitsvergelykings gedoen word, moet die effek van die skadetoekenning op totale utiliteit nà die onregmatige daad, in ag geneem word. Die bepaling van enkelbedrag- skadevergoeding behels aanwending van die vermoënsbegrip, dws die huidige waarde van 'n onsekere, toekomstige stroom inkomstes en uitgawes, as 'n bate of las bereken. Die bepaling van skade verg 'n vergelyking tussen die hipotetiese toestand waar geen onregmatige daad plaasgevind het nie, en die werklike huidige toestand met volle inagneming van die gevolge van die daad.

Wesenlik by die bepaling van skadevergoeding vir 'n onseker verlies is die tegniek van waardebepaling van 'n kans (`valuation of a chance'). Die tegniek behels die bepaling van die huidige waarde van 'n onseker, hipotetiese verlies deur eers die waarde daarvan as 'n sekerheid te bepaal, en daarna laasgenoemde met 'n persentasie te verminder om voorsiening te maak vir die gebeurlikheid dat dit nie sou plaasgevind het nie. Die tegniek is ewe toepaslik vir reeds gelede en toekomstige verliese. Die tegniek is onderskeibaar van die bewysstandaard van oorwig van waarskynlikhede wat in siviele sake toegepas word. By bepaling van 'n persentasie kans word historiese statistiese gegewens in ag geneem, maar dit sal meer dikwels op subjektiewe waardebepalings berus. Die ontleding van kanse wat volgens subjektiewe oorwegings beraam word, is 'n belangrike gebied van ondersoek vir navorsers op die gebied van utiliteitsleer.

Die gemiddelde lewensverwagting is 'n puntskatting, verkry deur die bymekaartel van die oorlewingskanse vir alle moontlike lewensjare tot op ouderdom 99 of meer. Die kans om te erf word op soortgelyke wyse bereken, behalwe dat die kans van sterfte in die betrokke ouderdomsjaar gebruik word in plaas van die oorlewingskans. Die standaard aktuariële metode vir die berekening van die huidige waarde van 'n reeks toekomstige bedrae behels bepaling van die waarde van die kans van die inkomste of uitgawe in elke betrokke jaar, en dan die bymekaartel van die herleide reeks afsonderlike waardes.

In die algemeen is dit misleidend om voor te gee dat die eiser deur stelselmatige vertering van inkomste en kapitaal die enkelbedrag vergoeding kan omskep in 'n reeks bedrae wat gelyk is aan die reeks verliese. Nieteenstaande die tekortkominge van 'n vergoedingsmodel wat op laasgenoemde fiksie berus, kan hierdie wyse van berekening nuttig wees, mits die beperkinge daarvan in ag geneem word. Omstandighede van hoë inflasie het die gevolg dat vir 'n groot aantal jare daar 'n sterk groei (`ballooning') van die oorspronklike kapitaal plaasvind, voordat die geakkumuleerde fondse begin daal. As 'n hof 'n aanduiding van die verteerbare gedeelte van die beleggings-opbrengste wil verkry, moet hoë, inflasie-aangejaagde nominale rentekoerse in die proses geïgnoreer word. 'n Opbrengskoers nader aan die reële rentekoers is meer van pas. 'n Versigtige belegger sal fondse spaar vir 'n aftreetydperk wat verder strek as die verstryking van sy lewensverwagting. Die effek van belasting op renteverdienstes word vererger deur toestande van hoë inflasie sodat rentebeleggings minder aantreklik word teenoor reële beleggings soos effektetrusts of vaste eiendom.

Lyfrentes of annuiteite is beleggingsmetodes waardeur die risiko verbonde aan vroeë of laat sterfte aan 'n lewensversekeraar oorgedra kan word. Die howe se gebruik van aktuariële getuienis het sy oorsprong in die behoefte aan getuienis oor die prys waarteen 'n lyfrente aangekoop kan word. Hierdie soort getuienis is mettertyd verkeerdelik aanvaar as grondslag vir die fiksie van vertering van kapitaal en inkomste oor lewensverwagting. Oor die afgelope paar jaar was daar hernude belangstelling in lyfrentes in die vorm van skikkingsannuiteite (`settlement annuities'). Daar is 'n verskeidenheid annuiteitskontrakte, waarvan jaargeld en lyfrente die vernaamste is. In die klassieke Romeins-Hollandse reg was dit die praktyk om die prys waarteen 'n lyfrente kommersieël aangekoop kon word, te ignoreer. Hierdie praktyk, met min uitsonderings, duur vandag nog voort.

Die begrip `verdiskonterings-rentekoers' kan meer korrek beskryf word as die `verdiskonterings-opbrengskoers'. 'n Nominale koers (I) bevat 'n reële opbrengsgedeelte tesame met 'n vergoeding vir inflasie (F). Met vergoedingsberekeninge is R die belangrikste gedeelte. Historiese analise toon dat, bereken oor lang periodes, R 'n waarde van om en by 2,5% pj saamgestel, het. Die netto kapitalisasiekoers sal verskil van R indien die kontantvloei nie saam met inflasie ge-eskaleer word nie. Die aanpassing vir die risiko-element van algemene gebeurlikhede kan optimaal gedoen word deur die verdiskonterings-koers te verhoog.

Die aftrekking vir algemene gebeurlikhede weerspieël die hof se indruk van die toereikendheid, of anders gestel, die betreklike utiliteit van die primêre aktuariële berekenings. Alhoewel kollaterale voordele soms as deel van die algemene gebeurlikhede behandel word, verteenwoordig die grootste gedeelte van die aftrekking die ander risikos verbonde aan wat alreeds verloor is, of wat in die

toekoms nog verloor sal word. Voorsiening vir sulke risikos kan net so wel in ag geneem word deur 'n verhoging in die verdiskonteringskoers.

Rente is die maatstaf vir die verlies wat veroorsaak word wanneer iemand van die gebruik van geld ontneem word. Die verlies van die gebruik van goedere kan in die algemeen gekwantifiseer word deur berekening van rente op die waarde van die goedere, onderhewig aan 'n aanpassing vir die koers waarteen sulke goedere se waarde oor die betrokke tydperk toe- of afgeneem het. 'n Hof is bevoeg om skade wat in 'n buitelandse geldeenheid uitgedruk is toe te staan. Die *mora* rentekoers moet in sulke gevalle aangepas word sodat dit geskik is vir toepassing in die betrokke buitelandse ekonomie.

Voor bespreking van die aksies vir die verlies van verdienvermoë en onderhoud moet die uitwerking van die voordeeltoerekeningsreëls op die verspreiding van die koste van skadevergoeding in die gemeenskap ondersoek word. 'n Omvattende benadering tot skadevergoeding vereis die aftrekking van versekering- en diensvoordele. 'n Hof wat skadevergoeding toeken, behoort te beveel dat eisers sekere weldoeners, insluitend werkgewers, moet terugbetaal. Voordele toegeken deur die Staat is gewoonlik nie *ex gratia* nie en behoort dus gewoonlik afgetrek te word.

Die uitdrukking `verlies aan verdienvermoë' het betrekking op verdienste en ook lewenskoste. `Verlies aan verdienstes' en `verlies aan verdienvermoë' moet nie onderskei word nie. Net soos verhoogde lewenskoste (*damnum emergens*) die vergoeding betaalbaar verhoog, so ook verminder uitgeblewe lewenskoste die skade en dus ook die verweerder se aanspreeklikheid. Algemene- of nie-vermoënskade het tog betrekking op die vermoë en toekennings moet rekening hou met die koste van goedere en dienste. Waarskynlike verdienste en waarskynlike uitgawes is die kriteria waaraan verdienvermoë en uitgawebehoeftes gemeet behoort te word. Onderskeid moet getref word tussen die verdienvermoë van besigheidskapitaal en die verdienvermoë van die slagoffer. Vergoeding vir `verlies aan verdienvermoë' sluit in vergoeding vir die verlies aan onderhoud van die slagoffer se afhanklikes. Ten opsigte van onregmatige verdienste behoort die vergoeding gebasseer te word op wat die slagoffer sou verdien het, het hy regmatig opgetree.

Die verlies aan 'n **reg** op onderhoud bepaal wie 'n aksie mag bring vir vergoeding weens verlies aan onderhoud. Die finansiële verlies verteenwoordig nie soseer die reg op onderhoud nie, maar die waarde van die finansiële voordele wat van die broodwinner verwag kon word, dit wil sê, wat hy sou betaal het ter vervulling van hierdie reg. Hierdie finansiële waarde word bepaal volgens die waarde van die kans dat die onderhoud ontvang sou word. Die werkende eggenote, wat genoeg verdien om haarself te onderhou, het geen reg op daardie tydstip, om onderhoud van haar man te eis nie. Die verlies van die afhanklikes word bepaal sonder inagneming van vergoedende voordele, behalwe erflatings en hertroue. Die fokus word geplaas op die onderhoud wat ontvang sou word indien geen dood plaasgevind het nie. Die weduwee wat as gevolg van die dood begin werk word vergoed asof sy nie werkend is nie. Daarenteen het 'n weduwee wat ophou werk as gevolg van die dood, geen eis deur middel van die afhanklikes se aksie ten opsigte van haar eie verlies aan verdienste nie. Verlies aan erfvooruitsigte word vergoed in die mate dat dit voortgesette onderhoud sou voorsien het. Alhoewel afhanklikes teoreties 'n eis het vir verlies aan onderhoud gedurende die `verlore jare' (waar 'n beseerde slagoffer se

lewensverwagting ingekort is), misluk sulke eise gewoonlik weens gebrek aan voldoende getuienis.